**Dinsdag 24 Maart**
**Skrifgedeelte: Handelinge 9:31 (AFR83; lees ook Matt. 10:16-20)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 9:31**
**Rus en vrede in die kerk**

Handelinge 9:31 is, menslik gesproke, 'n baie uitsonderlike vers in die Bybel ... ja, daar was inderdaad 'n tyd dat die kerk van ons Here rus en vrede belewe het! Volg 'n mens egter die ontstaan en die groei van die kerk in die Nuwe Testament, dan getuig dit alles juis van die teendeel. Het ons Here Jesus nie nog tydens sy aardse lewe reeds gewaarsku dat sy kerk soos skape tussen 'n klomp wolwe uitgestuur gaan word nie (Matt. 10:16a)? Satan het, met alles in hom, oorlog verklaar teen Christus en sy kerk. Gaan lees gerus ook Openbaring 12.

God bly egter in beheer van sy kerk. Ons leef immers in die sekerheid van die belofte dat die poorte van die hel ons Here se kerk nooit sal oorweldig nie (Matt. 16:18). Die boek Handelinge getuig keer op keer van Goddelike ingryping waar Satan die evangelie probeer stuit deur misleiding of selfs deur moord. Ter wille van die vestiging en die versterking van sy kerk, na 'n intense tyd van vervolging, beskik ons Here dat daar in die destydse grense van die vroeë Christelike kerk 'n tydperk van rus en vrede aanbreek. Hy bly die Barmhartige wat besorgd is oor sy kerk!

As ons dink aan ons Here se kerk vandag ... ons bly skape tussen 'n klomp wolwe. In talle lande word die Christelike kerk openlik vervolg en boet Christene met hulle lewe omdat hulle openlik Christus as hulle Here bely. Ons hier in Suid-Afrika word subtiel deur Satan mislei onder die vaandel van menseregte. Beleef die kerk van ons Here vandag 'n tydperk van rus en vrede ... mens wonder? Waaroor ons wel sekerheid het, is dat ons aan ons Here Christus behoort en dat die poorte van die hel nooit sy kerk sal oorweldig nie. Hierdie sekerheid is ons troos, maar ook ons roeping ...

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*